Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2018

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

KOMENDE SAID-BESOEKE

SAID het slegs een besoek aan Overstrand vir die duur van September geskeduleer:

- 20 September 2018 - Proteagemeenskapsaal, Kleinmond (10:00 - 15:00)

Hulle volgende besoek sal eers weer op die 23ste en 24ste Oktober 2018 plaasvind, en in daardie geval by die Moffat-saal in Mount Pleasant. Spreekure sal op 'n latere datum bevestig word.

As jy SAID vóór die 20ste September moet raadpleeg en bereid is om te reis, maak 'n aantekening van die volgende plekke en datums:

- 17 September 2018 - Victoria-saal, Caledon (10:00 - 15:00)
- 18 & 19 September 2018 - Welverdiend-biblioteek, Bredasdorp (09:00 - 15:00)

SAKEGEMEENSKAP GERUK MAAR VASBERADE, HET BURGEMEESTER DUDLEY COETZEE BEVIND TYDENS 'N ONLANGSE BESOEK AAN SOMMIGE VAN DIE ONDERNEMINGS IN DIE HERMANUS-BESIGHEIDSPARK. Sake-eienaars Johan van Zyl, Conrad Oosthuizen, Johann Grobbelaar en Leon Douglas het die geleentheid verwelkom om die stand van sake persoonlik met die Burgemeester te bespreek. Alhoewel hulle bevestig het dat besigheid erg deur die gebeure van die afgelope paar maande geraak is, hulle steeds positief oor die toekoms is. "Ons doen alles moontlik om op te maak vir die verliese wat gely is, maar gaan die pad vorentoe trompop en met optimisme tegemoet," was die algemene gevoel. Hier verskyn Hyundai Hermanus se takbestuurder Johann Grobbelaar (links), Burgemeester Dudley Coetzee, die voorsitter van Hermanus se Sakekamer De Waal Steyn en onderburgemeester Elnora Gillion.

MUNISIPALE REDE

Tydens 'n Raadsvergadering wat op Woensdag 25 Julie 2018 in Hermanus se banketsaal gehou is, het Uitvoerende Burgemeester raadsheer Dudley Coetzee sy munisipale rede gelewer.

Dit is wat die Burgemeester gesê het: "Overstrand se gemeenskap word swaar getref deur die afswaai in die ekonomie, die droogte en veral die onlangse oproerige optrede, waarvan die impak sigbaar is.

Vir die munisipaliteit en die breër gemeenskap, ingeslote sake-ondernemings, was die afgelope paar maande uitdagend, en moes ons vele beproewinge te bowe kom in ons pogings om dienste aan almal te lewer.

Ek wil graag my diepe dankbaarheid uitspreek teenoor almal wat hulp aangebied het en steeds aanbied - van die voorsiening van etes vir die polisie en wetstoepassingsagentskappe en aan inwoners in Zwelihle tot lede van die gemeenskap wat by restaurante bedien, en ook diegene wat rommel optel en bejaardes help. Al hierdie pogings help baie om te sorg dat besighede hul deure kan oophou.

Vir die meer as 22 000 inwoners van Zwelihle, insluitend ons raadslede wat daar woon en wie se daaglikse bestaan ontsier is deurdat hulle lewens bedreig en hul beweeglikheid ingeperk is: Ons is veral dankbaar vir mense soos julle wat kollektief gereed is om 'n vreedsame en blywende oplossing te vind vir die krisis waarvoor ons te staan gekom het.

Ons is ook maar al te bewus daarvan dat ons amptenare wat vir openbare veiligheid en wetstoepassing verantwoordelik is, in erge gevaar gestel word onderwyl hulle ons beskerm en help verseker dat Zwelihle weer veilig word. Die gereelde patrollies en permanente teenwoordigheid van die SAPD in Zwelihle het 'n positiewe effek en sal gehandhaaf word om te help om die situasie te 'normaliseer'. Ek verleen ook erkenning aan die rol van samewerkende regering deur my dank uit te spreek teenoor die nasionale, provinsiale en plaaslike politici en raadslede, elke afdeling van die polisie, die onderskeie rampbestuurafdelings en die provinsiale verkeersdepartement, kerk- en gemeenskapsleiers, sowel as organisasies, ons sakegemeenskap en ons eie munisipale wetstoepassing- en verkeersbeamptes en amptenare vir hul toewyding en harde werke gedurende lang ure. Ons het reeds met skoonmaakoperasies in Zwelihle begin. Ons stel dit veral op prys dat die nasionale minister van polisie, Bheki Cele, en die Wes-Kaapse Premier, Helen Zille, sowel as Masizoli Mnqanesa, 'n lid van die provinsiale wetgewer, tyd in hul druk skedules kon inruim om met ons oor 'n gunstige en stabiele uitkoms te beraadslaag.

Ek moet julle egter met groot spyt en tot my verdriet meedeel dat die skade aan die munisipaliteit se eiendom, volgende op die oproerige optrede, 'n beraamde R39 781 590 beloop wat uit die volgende opgemaak word:

Zwelihle - satellietpolisiestasie	1 345 126
Zwelihle - biblioteek	5 828 880
Zwelihle - taxistaanplek	1 452 000
Zwelihle - informele stalletjies	446 770
Zwelihle - nuwe behuisingsontwikkeling	1 751 788
Zwelihle / Mount Pleasant - swembad	1 931 647
Behuisingskantore	6 277 255
Hermanus - rioolaanleg	40 000
Heining langs Schulphoekpad	399 833
Oorlaaistasie	12 808 291
Herwinningsaanleg	7 500 000
TOTAAL	**39 781 590**

Hierdie syfer sluit die koste uit om infrastruktuur soos paaie en sypaadjies te herstel. Die koste van die sekuriteitsmaatskappy wat gekontrakteer is om strategiese munisipale infrastruktuur, soos die munisipale kantore en die rioolsuiweringsaanleg gedurende hierdie tyd te beskerm, beloop ongeveer R1,7 miljoen. Overstrand was een van die toonaangewende munisipaliteite in die land wat afvalherwinning aanbetref. As gevolg van die kriminele aktiwiteite wat hierbo geskets is, moes ons vir tyd en wyl ons herwinningsprogram staak. Geen herwinning kan plaasvind nie wat werksverliese tot gevolg het, en die winkels waar herwinbare afval vir ander artikels, veral tot voordeel van ons kinders, verruil kon word, is nou van die baan.

Wat is die sin daarin om stalletjies by die taxistaanplek en winkels in Swartdamweg te verwoes waar entrepreneurs komende van Zwelihle probeer om 'n bestaan te voer? Ons hoop van harte dat die onlangse besoek deur die nasionale minister van polisie, generaal Bheki Cele, vrugte sal dra. Ek slaan ag op die minister van polisie se oproep dat daar met alle betrokkenes in gesprek getree moet word. Ek wil dit egter onomwonde stel dat die munisipaliteit nie met mense wat hulle aan kriminele aktiwiteite skuldig maak, in gesprek sal tree nie, en ons sal ook nie enige gesprekke voer alvorens wet en orde herstel is en die situasie in Zwelihle genormaliseer het nie. Alle belanghebbers moet demokraties verkose raadslede se ampte respekteer. Ons moet ons politieke verskille by die stembus betwis, en wanneer ons dit gedoen het, moet ons almal tot voordeel en die opheffing van ons gemeenskappe saamwerk. Ons het reeds begin om 'n plan te ontwerp om die reputasie van die Cape Whale Coast as 'n voorkeurbestemming in ere te herstel en sal hieroor met die geaffekteerde partye beraadslaag. Ons is slaggereed vir die uitdagings wat verder as die blote herstel van normaliteit strek.

Nou, meer as ooit, moet ons daaraan werk om oplossings te vind vir die uitdagings waarvoor ons te staan kom, en in die besonder die behuisingskwessie - gedagtig daaraan dat daar nie 'n kitsoplossing is nie.

Dit is 'n lang pad wat voorlê, maar ons het vertroue in ons gemeenskappe en dorpe - ons moet ons hoop terugwin. Hiervandaan vorentoe, kom ons maak dit weer 'n geval van waar almal skouer aan die wiel sit sodat ons saam ons deeltjie kan doen om normaliteit in Zwelihle, Hermanus en die Overstrand in die algemeen te herstel."

HERWINNING IN GROTER HERMANUS EN HANGKLIP-KLEINMOND TYDELIK GESTAAK

Brandstigters het onlangs erge skade veroorsaak aan infrastruktuur en toerusting by vullisoorlaaistasies, en hul optrede het ook daartoe gelei dat die vervoerband en baalpers by die herwinningsaanleg onherstelbaar beskadig is. Dit het tot gevolg dat herwinning in die Groter Hermanus- en Hangklip-Kleinmond-area nie meer kan plaasvind nie.

Gevolglik moes die munisipaliteit, tot tyd en wyl 'n korttermyn-oplossing gevind is, die verspreiding van deursigtige herwinningsakke staak.

• *Bulletin onderneem om sy lesers oor vordering in hierdie verband ingelig te hou.*

GESAMENTLIKE POGING OM VEILIGHEID EN STABILITEIT TE HERSTEL

AS 'N WARE VERGESTALTING VAN SAMEWERKENDE REGERING, het nasionale, provinsiale en plaaslike politieke leiers onlangs met gemeenskapsleiers, nie-regeringsorganisasies, die sakegemeenskap, wetstoepassingsagentskappe en munisipale amptenare saamgespan om Hermanus weer veilig te maak.

'n Gesamentlike hoofkwartier (in Engels *Joint Operation Centre* afgekort as JOC) is daargestel vanwaar pogings gekoördineer is om die bedreiging van lewens en bestaansmiddele te beteuel en, allerbelangrik, om te evalueer watter skade die burgerlike oproer dalk oor die lange duur kan veroorsaak.

In sy mees onlangse verslag wat op 21 Julie 2018 gepubliseer is, het die JOC bevind dat 'n potensiële gesondheidsramp in Zwelihle afgeweer is omdat die munisipaliteit daarin geslag het om die toevoer van lopende water te handhaaf.

Desondanks sal daar dringend aan sekere fokusareas - soos geïdentifiseer deur gesondheidsinspekteurs wat onder die vaandel van die Overbergdistriks-munisipaliteit werk - aandag geskenk moet word. Daar sal onverwyld hiervan werkgemaak word.

Intussen sal die teenwoordigheid van en gereelde patrollies deur die SAPD en die gemeenskappolisiëringsforum help om die situasie te normaliseer.

Voltooiing van Bientang-opgradering uitgestel

VILLAGE SQUARE-HUURDERS HET DIE MUNISIPALITEIT VERSOEK OM KONSTRUKSIEWERK AAN POMPSTASIE 2, GELEË BOKANT DIE OU HAWE IN HERMANUS, TYDELIK TE STAAK.

Baie ondernemings het gerapporteer dat sake erg geraak is deur die gebeure van die afgelope paar maande, en dat die voortgesette werk aan die pompstasie digby hul besighede die situasie net verder vererger.

Ná oorweging van hierdie versoek, het die munisipaliteit ingestem om die konstruksieprojek tydelik te onderbreek op voorwaarde dat dit binne die 2018/19-boekjaar afgehandel moet word.

Gegewe dat die Bientang-pompstasie uit die 1960's dateer, is 'n omvattende opgradering 'n saak van dringendheid.

Nadat die risiko verbonde aan die voortgesette bedryf van hierdie reeds oorlaaide rioolpompstasie vir die duur van nog 'n hoogseisoen uitgelig is, het alle partye nogtans daartoe ingestem dat werk aan die projek in Oktober gestaak en voltooiing tot volgende jaar uitgestel moet word.

Inmiddels het Munisipaliteit Overstrand ingestem om enige stortsels na die beste van sy vermoë te verhoed en om te verseker dat daar in die interim by 'n behoorlike instandhoudingsregime gehou word.

Die nuwe styghoofleiding moet nog voltooi en met die bestaande stelsel verbind word. Dit sal nie net 'n impak hê op Village Square se huurders nie, maar ook op ondernemings langs Marinerylaan en Hoofweg sowel as daardie op Markplein.

Terwyl konstruksiewerk plaasvind, sal gedeeltes van Marinerylaan, Markplein en Hoofweg sowel as die parkeerterreine in die geaffekteerde areas onvermydelik tydelik vir voertuie gesluit moet word. Voetgangers sal sover as moontlik geakkommodeer word.

Werk aan die pompstasie self en die rehabilitering van die terrein sal desondanks sover as moontlik afgehandel word voordat bouwerk in Oktober 2018 tydelik gestaak word. Konstruksie sal in April 2019 voortgesit word.

VRYWILLIGE KORTTERMYN-ONDERWYSERS

Die kinders van Zwelihle en Mount Pleasant het jou nóú nodig

In medewerking met die Overbergdistrik se onderwysdepartement kyk Hermanus se Rotariërs na maniere waarop leerders verbonde aan **Qhayiya Sekondêr, Lukhanyo Primêr en Mount Pleasant Primêr** gehelp kan word om die werk in te haal wat hulle as gevolg van die onlangse onluste gemis het.

As jy 'n gekwalifiseerde Afrikaans-, Engels- of isiXhosa-sprekende onderwyser is wat enige vak vir Graad 1 - 12 kan aanbied en bereid is om op 'n korttermynbasis vrywillig in 'n klaskamer diens te doen, stuur asseblief jou volle naam met kontaknommers en e-posadres aan Ann Wright by annwright@telkomsa.net of skakel haar by 083 307 0726.

Ann, president van Hermanus se Rotariërklub, beloof om onmiddellik op te volg sodat jou voorkeurouderdomsgroepe en die skedulering van jou beskikbaarheid bespreek kan word.

OVERSTRAND SE BRAND- EN REDDINGSVLOOT VERSTERK

Teenwoordig ten tyde van die oorhandiging van die nuwe brandweervoertuie was, van links na regs, Wes-Kaapse Regering se adjunk-direkteur: brandweerdienste Etienne du Toit, Wes-Kaapse Regering se hoofdirekteur: rampbestuur en brand/reddingsdienste Colin Deiner, Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, senior bestuurder: brand en redding, rampbestuur en sekuriteitsdienste Lester Smith, onderburgemeester Elnora Gillion en assistent-brandweerhoof: bedrywe en opleiding Angelo Aplon.

Overstrand brand- en reddingsdienste het onlangs drie nuwe voertuie in ontvangs geneem. Hierdie voertuie sal die brandweer se vloot voertuie versterk en hulle in staat stel om vinniger by bestemmings uit te kom en om beter toegerus te wees sodat enige tipe insident hanteer kan word.

Die amptelike oorhandiging van die nuwe Toyota Hino-tenkwa met 'n kapasiteit van 6 000 liter, 'n Ford-dubbelkajuit-4x4-bakkie en 'n viertrek- Toyota Land Cruiser sowel as reddingswerktuie en ander gespesialiseerde toerusting ter waarde van R2 miljoen het op Woensdag 1 Augustus 2018 plaasgevind.

Dié aankope is te danke aan 'n provinsiale toekenning wat daarop afgestem is om brandweerstasies te kapasiteer.

Die tenkwa wat 6 000 liter water kan hou, is 'n welkome toevoeging tot die vloot se noodvoertuie en beskik oor die vermoë om sommige van die probleme wat brandbestryders ten opsigte van water ondervind, die hoof te bied. Bo-en-behalwe dat die tenkwa water kan voorsien onderwyl brande bestry word, het dit ook die vermoë om water vanuit oop bronne soos damme of swembaddens te pomp, wat 'n ekstra bonus is aangesien brandkrane in sekere areas nie altyd maklik bereikbaar is nie.

Die twee bakkie-eenhede is ook baie indrukwekkend aangesien hulle in die besonder voldoen aan die behoefte aan 'n beheersentrum vanwaar brand- en reddingsoperasies in onbegaanbare plekke gekoördineer kan word. Hulle is toegerus met tweerigtingradio's, wat kommunikasie tussen die onderskeie afdelings sal verbeter en dit vir hulle moontlik sal maak om vinniger te ontplooi wanneer hulle op die toneel van 'n insident arriveer.

"Ek is baie bly dat ek vandag hierdie betekenisvolle geleentheid met julle kan deel," het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee gesê.

"Ek is bewus van die uitdagings waarvoor Overstrand se brandweerafdeling te staan gekom het, en om die sleutels vir drie nuwe voertuie vanaf die provinsiale regering te ontvang, gaan beslis baie help om ons dienslewering in hierdie gebied te versterk.

"Ek is veral dank verskuldig aan brandweerhoof Lester Smith wat die inisiatief geneem het om die provinsiale regering te nader sodat hulle kon oorweeg om Overstrand in te sluit by hul projek om kleiner munisipaliteite soos ons s'n te help met kapasiteitsbou op die terrein van brandbestryding.

"Ek wil weer eens my opregte dank uitspreek teenoor die provinsiale regering vir hierdie fantastiese geleentheid. Ek twyfel geensins dat hierdie waardering ook deur die onderskeie brandbestryders gedeel word nie, want hulle gaan hierdie uiters nodige addisionele hulpbronne gebruik en die voordele daarvan eerstehands ervaar."

Onderburgemeester Elnora Gillion het gesê dat brand- en reddingsdienste hulself as vernuftige en bedrewe professionele brandbestryders onderskei het, en dat die span 'n uitmuntende diens lewer. Sy het ook gemeld dat brand- en reddingsdienste oor die afgelope jaar (Julie 2017 - Junie 2018) op 619 insidente oral in die Overstrand gereageer het. Sy het die provinsie geloof vir hul belegging wat Munisipaliteit Overstrand se brandbestryders in staat sal stel om insidente vinniger en veiliger die hoof te bied.

Brandweerhoof Lester Smith het die Burgemeester bedank vir sy ondersteuning en sy vermoë om die waarde van 'n goeie brandbestrydingspan in te sien.

Hy het ook vir Etienne du Toit, adjunk-direkteur: brandweerdienste, Wes-Kaapse Regering, en Colin Deiner, hoofdirekteur: rampbestuur en brand/reddingsdienste, Wes-Kaapse Regering, bedank omdat hulle na sy pleidooi geluister en daarop ag geslaan het.

Ter afsluiting het hy Thelma Lobb van vlootbestuur bedank vir haar hulp sowel as vir Angelo Aplon, assistent-brandweerhoof: bedrywe en opleiding; Marlu Rust, assistent-brandweerhoof: brand- en rampbestuur; Joe Schoeman, assistent-brandweerhoof: brandveiligheid; Dawie Esau en die res van sy span.

Hier verskyn brandweerhoof Lester Smith (2de regs) saam met assistent-brandweerhoofde Angelo Aplon (2de links), Marlu Rust (middel) en Joe Schoeman (3de regs). Ook teenwoordig by die geleentheid was (van links) André Lucas (wetstoepassing), Colin Deiner (Wes-Kaapse Regering se hoofdirekteur: rampbestuur en brand/reddingsdienste), Etienne du Toit (Wes-Kaapse Regering se adjunk-direkteur: brandweerdienste), Patrick Africa (assistent-hoof: verkeer) en heel regs Mark Robson (kapelaan).